Memorandum

Aan: Alle koördineerders van misdaadprotesaksies

Van: Dirk Hermann

Onderwerp: Reëlings vir die misdaadprotesaksie op 19 Mei

28 April 2010

Nogmaals dankie vir u bereidwilligheid om as koördineerder op te tree vir die protesaksie teen misdaad op 19 Mei.

Die aksie is deur die Solidariteit Beweging (Solidariteit, AfriForum en Helpende Hand) van stapel gestuur. Al hoe meer plaaslike en nasionale gemeenskapsorganisasies word ook nou deel van die aksie.

Die doel van die protesaksie is tweeledig. In die eerste plek is die doel van die aksie om teen misdaad te protesteer. Ons mag nooit toelaat dat misdaad as normaal aanvaar word nie. Ons moet deur deurlopende protes wys dat misdaad abnormaal is.

In die tweede plek wil ons iets blywend agterlaat. Tydens die aksie sal ’n beroep op gemeenskappe gedoen word om aktief by gemeenskapsbeveiligingstrukture betrokke te raak.

Indien ’n honderd gemeenskapsbeveiligingingstrukture gevestig word, sal Suid-Afrika ’n veiliger plek wees.

Ons beoog om ’n Suid-Afrikaanse rekord op te stel vir die meeste protesmemorandums wat op eendag oorhandig word. Ons wil dus by soveel as moontlik polisiestasies memorandums oorhandig. Ons wil eerder minder mense by meer polisiestasies hê as meer mense by minder polisiestasies.

Ons sal aan u ’n standaardmemorandum voorsien, maar u is welkom om ’n memorandum oor plaaslike kwessies daarby aan te heg.

U rol as koördineerder van die aksie by die polisiestasie/s waarvoor u verantwoordelikheid neem, is van kritieke belang vir die sukses van die veldtog.

Die volgende riglyne word gegee om die reëlings vir u makliker te maak. Van die riglyne sal op u van toepassing wees en ander nie. Gemeenskappe verskil te veel om vaste riglyne neer te lê.

Van die oorhandigings word deur personeel en verteenwoordigers van Solidariteit, AfriForum en Helpende Hand gereël en van dit deur gemeenskapsleiers. Die aard en inhoud van die aksies sal bepaal word deur wie dit reël.

1. U moet die webblad www.misdaadprotes.co.za gereeld besoek. Nuwe inligting sal feitlik daagliks op die webblad verskyn.

2. Mobiliseer soveel as moontlik mense vir die aksie. ’n Groot aantal mense is egter nie ’n voorwaarde vir sukses nie. Indien slegs vyf mense die memorandum oorhandig, is dit steeds ’n sukses want die fokus is op die aantal plekke waar memorandums oorhandig word.

3. Probeer om met plaaslike organisasies, soos belastingbetalersverenigings of landbou-unies, te skakel om hulle hulp te bekom.

4. Betrek die plaaslike gemeenskapspolisiëringforums of ander gemeenskapbeveiligingsaksies.

5. Betrek die sekuriteitsmaatskappye by die oorhandiging van die memorandum. Hulle teenwoordigheid sal ’n gepaste atmosfeer help skep.

6. Betrek die plaaslike koerant van die begin af. Inligting en konsepmediaverklarings sal op www.misdaadprotes.co.za beskikbaar wees.

7. Sorg dat die plaaslike koerant by die oorhandigingsgeleentheid is. Maak ook gebruik van die plaaslike radiostasies wat in die omgewing is.

8. Vir hulp met plaaslike media kan u met Surika in verbinding tree by surika@helpendehand.co.za.

9. E-pos vir ons enige relevante nuus wat in die plaaslike media verskyn sodat ons dit op die webblad kan plaas.

10. Indien u iets interessant beplan, laat ons weet daarvan – miskien kan die ander plekke iets soortgelyk doen.

11. Moenie die aksie te lank maak nie. Ons wil soveel mense moontlik laat deelneem. Mense wat ’n deel van die dag moet gaan werk, moet ook by die aksie betrek word.

12. Ons stel voor dat die aksie van 12:00 tot 14:00 of selfs net van 13:00 tot 14:00 plaasvind.

13. Moedig ondernemings in u area aan om tussen 13:00 en 14:00 te sluit in protes teen misdaad. Laat weet ons watter ondernemings bereid is om toe te maak sodat ons hulle van ’n plakkaat kan voorsien wat aandui dat hulle die protesaksie steun.

14. Indien ’n groot groep gaan deelneem, maak seker dat u die nodige toestemming kry.

15. In die groter plekke waar daar meer as een polisiestasies is, kan die mense op een plek bymekaar kom vanwaar hulle in spanne na die verskillende polisiestasies vertrek.

16. Probeer om ’n bekende of twee in die gemeenskap te betrek.

17. Moedig werkgewers aan om werknemers toe te laat om op verlengde etensure te gaan om aan die aksie deel te neem. ’n Veiliger omgewing sal tot voordeel van ondernemings wees.

18. Indien werknemers nie van die werkplek kan wegkom nie, kan ’n protesaksie by die werk ook gereël word.

19. Ons wil deur die protesaksie ’n ander soort protes bekend stel. Die protesaksie moet ordelik en gedissiplineerd wees.

20. Ons wil ons nie skuldig maak aan enige vorm van haatspraak en rassisme nie.

21. Die aksie moet ’n gesinskarakter hê. Die gees moet so wees dat jy met vrymoedigheid kinders sal saamneem.

22. Die kleur van die aksie gaan rooi wees. Ons is moeg vir bloedvergieting.

23. Ons versoek u om op te tree teen enige iemand wat die gees van die aksie wil kaap. Een politieke vlag of slagspreuk, een persoon wat besope opdaag, een plek waar geweld gepleeg word, een rassistiese voorval of een persoon met ’n ander agenda kan die aksie ongedaan maak.

24. Die fokus van hierdie aksie is protes teen misdaad en ons wil geen ander agenda op die dag bevorder nie.

25. Mense moet rooi aantrek. Ons gaan nie enige vlae gebruik nie, maar gaan vra vir rooi plakkate en rooi baniere. Ons sal konsepplakkate vir u stuur.

26. Mense wat nie aan die aksie gaan deelneem nie, moet aangemoedig word om ook rooi te dra waar hulle ook al is.

27. **Ons wil sover moontlik by elke oorhandiging minstens een slagoffer van ernstige misdaad betrek. Dit is belangrik om gesigte by die aksie te sit. Hierdie is nie net ’n aksie van mense wat kwaad is oor iets nie. Ons staan op vir regte mense wat regte pyn ervaar as gevolg van misdaad.**

28. **Laat weet ons asseblief so gou as moontlik watter misdaadslagoffers u by u aksie gaan betrek.**

29. Laat weet ons van enige idees van u kant af. Almal kan leer by u kreatiewe idees. Een distrik het aanduiding gegee dat hulle oorweeg om al die wildstrikke wat hulle die week bymekaar maak by die polisiestasiestasies af te lewer. Dit is kreatief en ons wil meer van sulke planne hoor.

Ons sal u op hoogte hou van nuwe nuus en nuwe idees. Onthou om www.misdaadprotes.co.za gereeld te besoek.

Baie dankie dat u bereid is om deel te word van hierdie historiese geleentheid. 19 Mei gaan nog opgeteken word as die grootste protesaksie teen misdaad.